VENSTER VAN DIE LEWE

2019

DERDE KWARTAAL

Oop venster op… Waagmoed

WEEK 3: 21-27 Julie 2019

2 Kor 6:14- 7:1

"Venster van die lewe!" is ons tema vir 2019. Gedurende die maand van Julie staan ons stil by die temas van "Verskillende vensters".

Inleiding

Dié week staan ons by die venster van Waagmoed. Ons kan na waagmoed op verskillende vlakke kyk, byvoorbeeld het jy waagmoed nodig om uit 'n vliegtuig te spring met 'n valskem. Die rooibokkie het ook 'n tipe waagmoed om te loop en vreet daar waar die leeu lê en slaap. Wat beteken dit dan om as Christen waagmoed te hê en te leef soos die rooibokkie met leeus wat om elke hoek en draai ons bekruip.

Die teks breek waagmoed op 'n unieke manier oop hoe ek en jy as Christene in die wêreld moet gaan leef.

Lees 2 Kor 6:14- 7:1

Vraag 1

Lees die skrifgedeelte en vertel mekaar wat jou uit die gedeelte opval en wat beteken dit vir jou?

Vraag 2

Die teenoorgestelde van geloofsmoed of waagmoed is om in die wêreld te leef as ‘n verkleurmannetjie of ook genoem trapsuutjie. Bespreek hierdie stelling gemeet aan die teks.

Vraag 3

Bespreek wanneer en hoe leef ons in die wêreld as ‘n verkleurmannetjie of trapsuutjie.

Vraag 4

God het van ons sy bloedfamilie gemaak op grond van Golgota. Vers 18 sê: *“Ek sal julle aanneeem en Ek sal vir julle ‘n Vader wees en julle sal vir my seuns en dogters wees.”* Dis ‘n enorme verantwoordelikheid en dit vra waagmoed om as kinders van God te leef. Hoe sou julle sê rus God ons toe om juis met waagmoed ‘n verskil in die wêreld te maak?

Vraag 5

Lees Lukas 9:23-26 en bespreek met mekaar hoe dit jou help om juis met waagmoed te gaan leef en nie net voor die venster van waagmoed te staan nie maar om deur die venster te klim en met waagmoed te gaan leef?

Mag jy ‘n geseënde week hê en werklik die lewe die week aanpak met geloofsmoed en waagmoed gevul met die Heilige Gees.

Ds Sonet Dippenaar